Die slag van Majuba

G.J. du Preez 072 1876 076

Mense ons nader weer ‘n Geloftedag wat ontsettend belangrik is vir die Boerevolk se uitkoms. Toe ek deur die geskiedenis gegaan het ruk dit weer stukke uit ‘n mens (*Veral die van Majuba*). Ek sien die groot haat van die wêreld teenoor die wit Boer van Suid Afrika. Ons weet inderwaarheid, maar min van die kleiner tog belangrike gebeure van daardie tyd. Ons ou klein volkie was die eerste volk wat die sodanige “groot Brittanje” pak gegee het. Ons het hulle die een op die ander veldslae pak gegee. Hulle was so suur teenoor die Boer dat hulle bykans 500 duisend man gestuur het om die Boer uit te wis. Hulle het bo en behalwe die magdom van ‘n weermag nog 30 duisend swartvolke gehuur om hulle te help teen die Boere (*Moord veldtog*). Die slag van Bloedrivier wil baie gou afskryf as ‘n veldtog tussen Boer en Zoeloe; Min wetend het die Engelsman ‘n groot hand daarin gehad. Mense ons sit met dié “Geldmag” wat die Jode, Engelsman, Amerikaner, Skotte en tale ander bevolkinge wat die Boer van die aarde wil afvee. Dit is presies wat die Skrif vir ons deurgee waar die wêreldling die *Yashar’EL* tot niet wil maak: *Ps. 83:5 Hulle sê: Kom, laat ons hulle vernietig, dat hulle geen volk meer is nie, sodat aan die naam van ~~Israel~~ Yashar’EL (Boer) nie meer gedink word nie.* Dink net terug aan die gelofte van Paul Kruger waar hy gevra het dat die volk gereeld elke jaar die gelofte van Paardekraal moet eer, want as dit VADER behaag om die land weer terug te gee aan die Boer dat hulle ‘SY volk’ sal wees en dit so respekteer.
Wat gebeur toe direk daarna? Dit is die een wen veldslag op die ander waarvan daar enkele sterftes aan Boer kant was teenoor 10 tot 100 tal Engelsman. Hulle was hulpeloos teen die Boer en het telkemaal met hul 10 duisende stert tussen die bene oorgegee. Wat gebeur toe daar weer vrede begin heers (*op eie bodem*) ? ‘n Jaar of wat na die gelofte op Paardekraal besluit die Boere dat dit nie meer elke jaar gedoen hoef te word nie, maar elke 5 de jaar; Daardeur was die gelofte gebreek en onmiddellik het die Boer se ondergang begin of moet ek sê sy land begin verloor het.
Op Paardekraal het sowat 6 tot 10 duisend man bymekaar gekom met ‘n klip om ‘n klipstapel (altaar) daar te stel as ‘n fisiese en tasbare bewys dat hulle ‘n belofte aangegaan het met VADER en dat hulle dit elke jaar so eer. Met die eerste verering het die volk gevoel dat daar ‘n monument op Paardekraal gebou moet word. Hulle bou toe oor die klipstapel ‘n Obelisk ‘monument’ wat ek voel baie verkeerd was. Die monument was skaars ingewy toe begin die val van die boer (Traak-my-nieagtige). Met die oorlog wat volg na die min-agting van die Boer kom die Engelsman en verwyder al die (*6 of 10 duisend*) klippe onder die obelisk uit en gaan gooi dit weg onder ‘n brug!

Kom ons kyk so ‘n bietjie na Majuba dag en wat daarna gebeur het.

Die slag van Majuba. 27 Februarie 1881

“N pes tref Suid Afrika wat Britse imperialisme en kolonialisme was. Cecil John Rhodes het in 1877 in Oxford Engeland gesê dat sy god vir hom gesê het dat hy soveel as moontlik van Afrika rooi “Britse rooi” wil inkleur.

In en voor die jaar 1877 ontdek hulle goud in die Transvaal en dit was soos petrol op die vuur. Die ontdekking van goud in Transvaal gebied het die Britte in ekstase gebring. Tog voor 1877 was daar in 1852 ‘n Sand-rivier-konvensie waar die Transvaal gebied soewerein en onafhanklik was (*Weg van Britse beheer*). Op 12 April 1877 annekseer Sir Shepstone die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) namens die Brittanje. Die anneksasie het sonder enige geweld verloop (*Soos SA Boere land op 1994*). Met die anneksasie weet Brittanje dat alle minerale nou hulle eiendom is. ‘n Jaar of wat daarna in 1879 het die Britte oorlog begin maak met die Zoeloe koninkryke weens ryk mineraalgrond gebiede wat hulle op woon. Die Brit het hulle land / gronde begeer en het met allerhande planne na vore gekom. In en na konflikte tussen Brit en Zoeloe kom Boer ook in die spel. Die Boer het verskeie pogings aangewend om te toon dat hulle nie met die Britte saamstem nie. (*Vir die interessante wat ‘n brandpunt was wat gelei het tot konflik nl.: Op 11 November 1880 het die Transvaal se Boere tot uitbarsting gekom weens die Britse druk vir belasting aan hulle koning. Daar was ‘n gesiene Voortrekker Boer met die van Bezuidenhoud wat belasting geweier het. Die Britte het na die man gegaan en sy ossewa konfiskeer om dit op ‘n openbare-veiling te kon verkoop om sodoende hulle belasting geld te kry. Die Britte het nie geweet waarvoor hulle hulself ingelaat het nie, want toe hulle die wa aanbied was daar honderdtal ongelukkige Boere wat daar en dan opgetree het en die wa met geweld teruggeneem het uit Britse hand en teruggegee het aan die Bezuidenhoud gesin. Regstappe van die Britte teen die Boere leiers neem toe. Die spanning onder Boer was op bars-punt*). ‘n Boerevolk-vergadering te Paardekraal word saam geroep vanaf 8 – 15 Desember 1880 waarvan daar ‘n besluit was dat die regering herstel moet word uit ‘n driemanskap nl.: Paul Kruger, M.W. Pretorius en Piet Joubert (*Die vergadering se gevolg was oorlog tussen Boer en Brit*).Met die besluite op die vergadering kom daar toe ‘n veldslag tussen Boer en Brit op 20 Des. 1880 by Bronkhorstspruit. Intussen het die vergadering besluit dat een man die volk moet verteenwoordig. Hulle vaardig toe vir Paul Kruger af wat die ‘Adjunkpresident van TVL’ was om na Brittanje te gaan en te onderhandel tot eie beskikking.

Die onderhandelinge tussen Paul Kruger en die Britte was onsuksesvol. Sowat 6000+ (*10 000 volgens ander bronne*) burgers het daarna bymekaar gekom en gevoel dat daar daadwerklik iets gedoen moet word om die Boer se bestaan te bevestig. Op versoek van Paul Kruger kom die Boere op 8 Desember 1880 bymekaar op Paardekraal waarvan elkeen van die 6000 + Boere ‘n klip geneem het, en op een hoop gestapel het as teken om terug te dink wat hulle daar besluit het (*Weens die onregverdigheid teen die Boer*). Die Paardekraal gelofte is gedoen en die Boer het uiteen gegaan (*Nie om na hul huise te gaan en wonder uit die hemel te verwag nie, maar eerder om voor te berei vir oorlog en as ‘n wapentuig {hamer} in YAH se hand*).

Die Britte word bekend van die Boer se besluite en weet dat teenstand onafwendbaar is. Die Anglo-Boereoorlog van 1881 tussen Brit en Boer het toe sy ontstaan gevind. ‘n Klomp Britse troepe onder Genl. Colley wat in Natal gestasioneer was ruk toe op na Transvaal om Britse orde daar te bevestig. Die Boeremag kom te wete van die besluite; Genl. Piet Joubert met sy manne besluit om die Britte van Natal te stop dat hulle hulp aan die Transvaalse Britte kon gee. Op 28 Januarie 1881 verslaan genl. Piet Joubert die Britte van Natal by Laingsnek waarvan dit die Britte baie suur gemaak het, want dit was toe reeds die tweede nederlaag. Hulle poog toe op 8 Februarie 1881 weer op Schuinshoogte om die Boer te verower maar met geen sukses. Teen die tyd begin dit toe duidelik onder die Britte word dat hulle met die Boer moet begin onderhandel. Met ‘n vrede-inisiatief in momentum kry genl. Colley ‘soos ‘n Farao van ouds’ weer ‘n gier in hom om die Boer op hulle plek te sit. Hy gaan in die nag van 26 Februarie 1881 na die berg Amajuba met so 360 (405) man om ‘n magsbasis daar te stel om die Boere bewegings te beperk sodat Britse deurgang oor die Drakensberge te vergemaklik. Hy het toe die berg betree / beset om daarvandaan die Boer aan te vat en sodoende hulle gebiede soos die Transvaal en Vrystaat vir Engeland weereens te annekseer. Genl. Piet Joubert en Nicolaas Smit het geweet van die Britte se plan en besluit om hulle aan te vat met 150 Boere-vrywilligers (*Tydens die geveg het daar meer Boere aangesluit as krygers op die berg teen die Brit*). Genl. Piet Joubert deel sy manskappe op in drie groepe en bestyg die berg vanaf drie rigtings (‘*n Kort opsomming hoe die dag verloop het: Die Boere verras die Brit bo-op die berg en ‘n verwarde geveg het losgebreek. Die Boer het eers die oggend van 27 Februarie 1881 besef dat die Britse mag die berg bokant hul stellings beset het. Die Boere het egter nie gevlug nie, maar onder aanvoering van genl. Nicolaas Smit georganiseer en so gou doenlik die berg bestorm.*

Veldkornet Fanus Roos en sy manne het reguit op na die Gordon's Knol beweeg. Kommandant Joachim Ferreira en sy manne het parallel met Roos aan sy weste kant teen die berg op geklim. Veldkornette Malan en Trichardt met hul manne het parallel met Roos aan sy ooste kant die berg bestyg. Die kruin is gevolglik van uit drie rigtings deur die jonger Boere bestorm, terwyl burgers oor die ouderdom van 50 jaar oor 'n lang-afstand vanaf die groot terras teen die berg met akkurate vuur die Britte op die kruin onder druk geplaas. Generaal Smit se opdrag was dan ook dat elke Engelsman wat sy kop oor die kruin steek onder lood gesteek moes word).

Die Britte was weereens oortuigend verslaan. Die Boer het op daardie dag genl. Colley, 5 offisiere en 86 Britse-manskappe gedood en 134 gewond waarvan 59 in gevange geneem was (*Blykbaar die eerste keer wat Brittanje 'n oorlog verloor het*). Aan die Boerekant sneuwel een van 5 gewondes. Die Boer het die gebeurtenis gesien as 'n vryheidsoorlog (*eerste vryheidsoorlog*).

In 1889 het 'n man J.C. Human wat die landdros van Krugersdorp was aan Pres. Paul Kruger toestemming gevra dat daar 'n monument op die vegterrein gebou kan word. Paul Kruger het dit toegelaat en in 1890 het sy regering 'n monument bo-oor die klipstapel gebou te Paardekraal. Die heer Wierda en argitek / boumeester W.Y. Veitsch het die oprigting van die monument begin in April 1890, en voltooi in November 1890. 'n Dankbare (*Tog blinde*) Boerevolk het in Desember vanaf 13 tot die 16 de 1891 'n huldiging-fees op Paardekraal gehou waartydens Paul Kruger die monument onthul het. Dit was ook die eerste volkse of staat-fees waar die 'Slag van Bloedrivier' herdenk was (*M.a.w. 53 jaar vanaf 1838 Gelofte*).

Kommandant Joachim Ferreira wat een van die aanval-groepe gelei het, het later gesê: "*Ek erken dat dit nie ons was wat hulle verslaan het nie, maar die Almagtige self.*" Hier is die telegram van genl. Piet Joubert aan Lady Colley te Pietermaritzburg:

"Regret extremely sad the fate of Colonel Colley, who fell in action at one 'o clock, February 27, in attempting to hold mountain fortress forming right of Boer position. Regret he should have fallen in a war, the outcome of a policy which he had not caused; also that he should fall in such an unprovoked and unholy war against the Boer people struggling for freedom. Can only aid you in your sorrow by giving every facility for the removal of the corpse of your gallant husband.

Volgens bespiegelinge het die Britte ‘n klomp swart spioene gehad wat hulle moes waarsku teen die Boere. Met al die gebeure waar die Boervolk die hulp en bystand bespeur het, het hulle vergeet van hul geloftes en soos vroeër hul lewe saam met heiden, baster en volk-vreemde voor gesit. Intussen het die Brit nie stil gaan sit nie, maar met ander strategie voor ‘n dag gekom. Hulle het die wesgrens van Transvaal “Stellaland” geannekseer en so ook die suidoostelike grens “Zoeloeland. Die Transvalers kon toe slegs deur die Portugese hawe “Delagoabaai” handeldryf en dus rondom 1895 nog billik handeldryf.
In 1899 word daar weer deur die Britte vereistes gestel waarvan Paul Kruger ‘n ultimatum opgetrek het. Die ultimatum het verstryk op 11 Oktober 1899. Net daarna het ‘n volskaalse oorlog uitgebreek vanaf Engeland teen die Boer in Suid Afrika. Die Britte stuur 448 725 Britte in na Suid Afrika om die Boer te verslaan en sy grondgebied te vat. Bo en behalwe die groot mag van die Brit huur hulle amper 30 duisend (*100 duisend deur ander bronne*) swart-volkere om hulle te ondersteun in die uitmoording van die Boervolk. Vanaf die begin van die oorlog in Oktober 1899 het die Boer die een op die ander veldslae gewen teen die Brit tot en met daar ‘n Brit met die naam “Lord Roberts” aangestel was oor die Britse magte. Vanaf die helfte van 1899 het die Boerekrygers begin om swaar te trek weens die nuwe Britse leier, want die Britse soldate het onder sy bevel oorgegaan om die Boervroue en kinders in konsentrasiekampe te gooi en hulle huise en eiendomme af te brand. Daar was nie minder as 34 duisend sterftes in die kampe waarvan 30 duisend kinders, 4 duisend vroue en duisend of meer oumense in die kampe was. Terwyl die oorlog voortwoed verklaar die Britte weereens dat Transvaal (*1 September 1900*) en die Vrystaat (Mei 1900) ‘n kolonie van Brittanje is (*Kaapland en Natal het toe reeds aan hulle behoort*). Met al die oorloë en onderdrukking het die Boer op 31 Mei 1902 die knie gebuig en ‘n vredesverdrag op Vereeniging geteken met Engelsman om te keer dat hul vroue en kinders totaal uit vermoor sou word (*bekend as die “Vrede van Vereeniging*”). Tydens die Angelo-Boere oorlog het Lord Roberts in 1901 die klipstapel wat onder die monument (*gedenknaald / obelisk*) was wat die Boere op Paardekraal gelê het laat optel en onder ‘n treinbrug by Vereeniging in die Vaalrivier gegooi (*Nou kan ons vra, maar hoekom het hy die klippe verwyder en nie die gedenknaald beskadig nie? Is dit omrede hy geweet het wat die gedenknaald beteken? Is dit nie die groot gruwel waarvan YAH gespreek het in die Skrif nie?)*. Roberts se haat teenoor die Boer was so groot dat alles wat aan die Boer behoort moes vernietig en verwyder word.

In 1916 na die oorloë het die Boerevolk weer beperkte gelofte feeste begin hou. In 1946 het van die Boere agter gekom dat die gelofte te Paardekraal nie geëer word nie en besluit dat daar tenminste elke 5 jaar ‘n fees of gelofte verering moet wees.
Later van jare met ‘n herdenking van die Anglo-Boereoorlog het hulle ‘n gedenk-muur opgerig met die leuse: “**Ons sal handhaaf, ons sal bou**”.

Ek sluit met die woorde van Paul Kruger tydens die Paardekraal gelofte nl.:

“Indien die liewe Heer ons help, en dit Sy wil is, en dat ons land terug sal kry, dat die volk elke jaar terug sal kom om daar fees te vier, juis by hierdie selfde steenhoop, en aan ons Heer ons gelofte kom betaal. En hierdie steenhoop is die ewige getuie daarvan.”

Kom ons kyk na die gelofte wat ook afgelê was die dag:

Gelofte

In die teenwoordigheid van die Almagtige (God) VADER , die kenner van alle harte, onder biddende, siende om Sy genadige hulp en ontferming, kom ons, burgers van Suid-Afrikaanse Republiek, plegtig ooreengekom, soos ons by hierdie ooreenkoms, om vir ons en onse kinders ‘n heilige verbond op te rig, het ons met plegtige eed besweer.

Ruim veertig jaar gelede, dat onse vaders die Kaapkolonie ontvlug sy, om ‘n vrye en onafhanklike volk te word. Hierdie veertig jare was veertig jaar van smart en lyding.
Ons het Natal, die Oranje-Vrystaat, en die Suid-Afrikaanse Republiek gestig, en drie maal het die Engelse Regering ons vryheid vertrap.
En ons vlag, wat ons vaders in hul bloed en trane gedoop het, teen die grond platgeslaan.

Soos deur ‘n dief in die nag is ons vrye Republiek weggesteel. Ons kan en ons mag dit nie dra nie. (God) VADER wil, wat eerbied van ons vaders en liefde teenoor ons kinders ons voorskryf, die erfpand van ons vaders ongeskonde aan ons kinders oor te lewer.

Daarom is dit dat ons hier byeenkom en ons mekaar die hand gegee as manne, broeders, plegtig te belowe, getrou te hou aan ons land en volk en met die oog op (God) VADER saam te werk, tot die dood toe saam te werk vir die herstel van die vryheid van ons Republiek.

So help (God) VADER Almagtig.

Ek sluit met ‘n roep tot die Boervolk, kom laat ons, ons vaders se geloftes na kom. Kom ons haal / breek al die gedenknaalde en vervang dit met gedenkstene; Kom ons roep dat die oudstes van die volk bymekaar moet kom sodat hulle vir die Boervolk kan bid en pleit.

Let mooi op bo, net toe die gelofte gedoen was het YHUH hulle beskerm en die oorwinning gegee (*dit sluit die Bloedrivier in*). So ook, net toe die Boervolk nie hulle geloftes nakom nie het hulle alles verloor. Nie net land, goud en silwer wat die wêreld steel nie, maar ons kinders wat met ‘n groot tempo verdwyn tussen die heiden en baster.
(*Mense wat sê dit vir jou? Eerstens, is dit nie die verbreking van die jaarlikse ooreenkoms met VADER nie? Tweedens, is dit nie die obelisk wat hulle oor die klipstapel gebou het nie?*
Regoor Suid Afrika het hulle net gedenknaalde / obeliske opgetrek by eervolle plekke soos konsentrasiekampe, fees-terreine, begraafplase, gelofte terreine, openbare / munisipale areas, kerk dakke, ens.

Wat is ‘n gedenknaald ? Gou sal die woordeboeke vir jou deurgee dat dit ‘n betekenis het van: gedagtenis aan ‘n belangrike gebeurtenis of ‘n beroemde persoon uitkenning!

Wat sê die Skrif?
Lev. 26:1 Julle mag vir julle geen afgode maak nie; en ‘n gesnede beeld of ‘n klippilaar (gedenknaald / obelisk) mag julle vir julle nie oprig nie en ‘n steen met beeldhouwerk in julle land nie opstel om julle daarby neer te buig nie; want Ek is ~~die HERE~~ YHUH julle ~~God~~ Skepper. Deut. 16:22 Ook mag jy vir jou geen klippilaar, (gedenknaald / obelisk) wat ~~die HERE~~ YHUH jou ~~God~~ Skepper haat, oprig nie. Deut. 16:22 Don’t set up phallic sex pillars--~~GOD~~, YHUH your ~~God~~, Creator hates them (The message Scripture)

‘n Obelisk / gedenknaald simboliseer Osiris se manlike deel wat afgesny is. Mense die penis van Osiris is ‘n Egiptiese simbool van vrugbaarheid wat regoor die aarde na die hemel opgerig word vir verskeie redes. Dit net om VADER te terg! Dit eers daar gelaat).

Boervolk ons Redder “YAH” wag op ons. Kom laat ons die saak uitmaak. Kom laat ons die weg suiwer sodat ons volk weer ferm kan staan Jos.5:13,14